

# Hoekom padda so lelik is

Mozambican folktale


Afrikaans



Baie jare gelede was die Akkedis en die Padda vriende. Eendag het hulle besluit om vir meisies te gaan soek in die stad.




Die Padda was jaloers op die Akkedis se blink en briljante vel.




Hy het gesê: Wat het jy gedoen om so mooi te lyk? Kyk na my, ek is so lelik. Wat kan ek doen omtrent my vel?




Die Akkedis het gesê: Luister! Sit 'n bietjie water in 'n pot en sit dit op die vuur. Langs jou...




Maar die Padda het gesê: Ek weet alreeds, ek weet. Bly stil, my vriend. En hy het weggegaan.



Hy het by die huis aangekom en bietjie water in 'n pot gesit.




Toe die water begin kook, het hy ingespring,



en sy vel was gebrand en sy stert het afgeval.




En in plaas daarvan om briljant en beeldskoon te wees soos die Akkedis, was hy selfs leliker.



# Hoekom padda so lelik is

Writer: Mozambican folktale
Illustration: Hélder de Paz Alexandre
Translated By: Eunice Vermaak
Language: Afrikaans



This story was written down in 2013 by students at Universidade Pedagógica-Maxixe, Mozambique, from their memory of what was told at home, and edited by their English teacher, Ingrid Schechter.

© Mozambican Writers, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative